

UITWASSE VAN DIE NUWE DEFORMASIE - 'n Aanslag teen God en sy Woord

WJ van Schalkwyk

My bedoeling is glad nie om vanmôre 'n wetenskaplike stuk aan u voor te hou nie. Ek gaan nie probeer om die verskillende standpunte van die Nuwe Deformasie uitvoerig te weerlê nie, daar is ander sprekers wat dit sal doen. Ek wil probeer om baie prakties die uitwasse uit te wys sodat u dit kan raaksien wanneer u met die beoefening van die teologie besig is. Daarom gaan ek nie elke keer sê hierdie en daardie persone sê sus of so nie. U kan gerus op die internet na die *Nuwe Hervorming Netwerk* gaan en hulle dwaalstandpunte daar gaan nalees.

Hier moet ook verstaan word dat die verskillende eksponente van die Nuwe Deformasie nie in alles 100% met mekaar saamstem nie. Daar bestaan ook onder hulle verskillende grade van afwyking. So is daar byvoorbeeld dié wat God totaal verwerp terwyl ander nog wil erken dat God bestaan, maar dan sy skeppingsmag of sy gesag oor jou lewe ontken.

Begripsverklaring

Miskien is dit belangrik dat ons net eers verduidelik wat met die *uitwasse* van die Nuwe Deformasie bedoel word.

Uitwasse is negatiewe of onaanvaarbare uitvloeiels vanuit 'n stelsel of beskouing. As ek in hierdie voordrag van die uitwasse van die Nuwe Deformasie praat, praat ek nie primêr van teoretiese of filosofiese uitvloeiels van die dwaalstandpunte van die Nuwe Deformasie nie, maar beperk ek my tot die nagevolge soos wat dit prakties onder sekere predikante en lidmate neerslag vind. Ten diepste gaan dit dus oor die on-Bybelse standpunte wat mense inneem as gevolg van die beïnvloeding deur die standpunte van die Nuwe Deformasie. Juis daarom gaan ek poog om die standpunte van die sogenaamde Nuwe Deformasie prakties te belig en aan te toon hoedat ons self ook soms in die slaggate trap en in die vaarwater beland.

Twee kernwaarhede

Daar bestaan maar slegs een rede waarom die dissipels van die Nuwe Deformasie tot hulle standpunte kan kom: *God is nie meer God nie en die Bybel is nie meer sy Woord nie*. Natuurlik moet ons erken dat daar verskillende grade en strominge onderling onder die aanhangers van die Nuwe Deformasie is. Maar dit is hierdie twee basiese beginsels waaraan óns onvoorwaardelik vashou wat ons as Gereformeerdes onderskei van die manne van die Nuwe Deformasie. Ons kan eintlik sê: Hierdie is twee *beginsels* wat (in verskillende grade) nie deur die Nuwe Deformasie onderskryf word nie.

I

Die eerste beginsel handel oor **God**. Wié God vir die mens is, bepaal hoe hy oor die dinge van God gaan dink en praat. As die beginsel vir jou geld dat God die Absolute, Almagtige, Alomteenwoordige, Enigste, Heilige God is wat bestaan; die God wat enige iets kan doen; wat maar 'n woord kan spreek en die ganse skepping is daar; die God wat spreek en die hemele

gehoorsaam; die God wat die mag en die reg het om aan jou voor te sê hoe Hy verwag dat jy moet lewe; as dit is wie God vir jou is, gaan jy anders van Hom dink en oor Hom praat as wanneer Hy vir jou net 'n idee of 'n projeksie van die menslike denke is.

Die belydenis van God se bestaan kom in verskillende grade by die Nuwe Deformasie voor; van 'n belydenis dat God bestaan, maar nie noodwendig alle seggenskap en gesag oor jou lewe het nie tót by 'n panenteïstiese (God is in alles en alles is in God, maar God is ook meer as alles) en selfs ateïstiese beskouing. Ek gee 'n voorbeeld: Sakkie Spannenberg skryf dat ons nie mag sê dat hulle Godsbegrip hulle buite die Christelike tradisie plaas nie. Hy sê dat “hulle ook oor Jesus se *goddelikheid* (kleinletter) kan skryf en die idee van 'n Drie-eenheid kan *benut*.” En weer: “Die Drie-eenheid moet nie as 'n uitspraak oor God se wese verstaan word nie, maar as 'n uitspraak oor hoe mense God in Jesus se woorde en handeling ervaar het.”

En dan kom die skrikwekkende, sy aanspraak dat hierdie dwaalleer oor die Drie-Eenheid van die Heilige Gees kom: “Wie deur die Gees leef, sal dan ook ervaar dat dit die rigting is waarin die Gees van God ons lei.”

II

Ingebed in die eerste beginsel vind ons die tweede, nl. die vraag na die gesag van hierdie enigste God se **Woord**. As God vir jou waarlik God is en jy besef met wie jy te doen het, besef jy baie gou dat die Bybel nie maar net mensewoorde *oor* God is nie, maar God se openbaring van Homself en sy wil.

Daar bestaan 'n wesenlike verskil tussen laasgenoemde twee uitgangspunte. Óns uitgangspunt is dat die Bybel die Woord van God ís. Hy het dit deur sy Heilige Gees geïnspireer – daarom het dit absolute seggenskap oor alle tye, op alle plekke en op alle terreine van die lewe. Die Woord van God is die maatstaf vir ons leer en lewe.

Daarteenoor stel die Nuwe Deformasie dit dat die Bybel slegs mense se nadenke oor God bevat. Dit is nie God wat Self met mense gepraat en/of sy Woord geïnspireer het nie, ons het in die Bybel maar net 'n versameling van mense se belewenisse van God. Wat Christus betref, kan die 4 Evangeliebeskrywinge nie as betroubaar gereken word nie aangesien ons die doel daarvan moet verstaan: Al die wonders en genesings van Christus is opgemaak om sodoende vir die kerk 'n trekkrag in die wêreld te gee – iets wat mense sou lok. Hulle noem dit *gemeenteteologie* - iets wat nie werklik gebeur het nie, maar wat gehelp het om die gemeentes te laat groei.

In die lig van hierdie siening oor die Bybel kan verstaan word waarom die geloofwaardigheid van die skepping, die erfsonde, die maagdelike geboorte, al die wondertekens, die bese magte, die betekenis van die kruis, die opstanding, die wederkoms van Christus, gebed, algemeengeldende etiese norme, ens., vir hierdie mense hulle krag verloor het.

Die bogenoemde twee standpunte oor God en sy Woord stel natuurlik die hele geloof op losse skroewe. Vir ons beteken dit dat die mens geen standvastigheid in sy lewe kan ervaar nie, want sonder God en sonder die gesag van sy Woord is daar niks seker en beslis nie. Vir die Nuwe Deformasie word alles, goed en sleg, reg en verkeerd, aan die wetenskap en die menslike rede

oorgelaat om die uitslag en deurslag te gee. Die laaste woord kan nie aan God oorgelaat word nie aangesien die Bybel ook maar net mensewoorde is.

UITWASSE

Soos wat prof. Marè aangedui het, bevat die Nuwe Deformasie niks nuuts nie. Soos baie ander dwalinge is hierdie ook maar net 'n poging van die ongelowige, opstandige en rebelse mens om onder die oppermag van God en die gesag van die Skrif los te kom.

God verander

Sekerheid oor wat waar en seker is, word nie deur God nie, maar deur die wetenskap gebied. Standvastigheid in jou omstandighede lê in jou kennis van die wetenskap en in jou logika en denke. Hierdie dinge is waar en seker omdat jy dit kan meet, weeg en tel. Dit wat met die rede en die wetenskap bots kan eenvoudig net nie meer geglo word nie – dit sluit die wondertekens van God en Christus in.

Die hele uitgangspunt van die Nuwe Deformasie is dat die geloof moet aanpas by die 21e eeu. Soos wat mense die Bybel in die gryse verlede verstaan het, kan net nie meer op vandag toegepas word nie. Tye het nie net verander nie, *die wyse waarop ons oor God dink, het verander, sê hulle*. Uit die Bybel probeer hulle dan bewys hoedat mense se opinie en denke oor God oor die tyd heen verander het en kom dan by die punt om sê: *God is hoe jy oor Hom dink*.

Prakties beteken dit dat jy self die inhoud van jou geloof bepaal. Soos wat jy oor God dink, so is Hy. Dit beteken mos dat die skepsel die Skepper word en dat die maaksel vir die Maker voorskryf.

U moet nou die gevaar hierin raaksien. Dit beteken God verander soos wat die mens se denke oor Hom verander. Dit beteken God bly nooit dieselfde nie. Hy is konstant besig om saam met die mens te evolueer, te verander en te groei en aan te pas by die wêreld waarin ons woon – dit is tog in stryd met een van God se eienskappe, nl. sy onveranderlikheid.

Die ontsettende gevolg hiervan is dat God en sy Woord geen gesag meer dra nie. Dit kom baie duidelik na vore in die wyse waarin predikante en lidmate hulle sondige lewe regverdig deur te sê dat ons die Bybel nie so rigoristies moet toepas nie; die Bybel gee net leidrade, wenke, riglyne (wat gevolg of gelaat kan word), maar geen ewige onveranderlike beginsels nie; jy kan van die *beginsel* afwyk, solank jou bedoeling net goed is. En dan is die etiese lewe oop vir die interpretasie van elke mens.

'n Tipiese voorbeeld hiervan sal wees as 'n ds. vir sy lidmate, wat in 'n ernstige openbare sonde leef, sê: *Die Here verstaan - jou probleem* of die *rede* waarom jy nie met die sonde kan breek nie. So 'n ds. verkondig nie meer die God van die Bybel nie, maar die veranderde god van die Nuwe Deformasie. (vb. Ek spreek mense aan oor saamwoon en ds. van ander kerk sê kom word maar lidmate hier, want die Here verstaan – is die God wat hulle daar gaan aanbid dan nie dieselfde God wat die 7e gebod gegee het nie?)

Gesag van die Skrif

Die standpunt wat die Nuwe Deformasie oor die Skrif handhaaf gaan selfs nog vêrder as Barth. Barth sê die Bybel is nie vir jou die algemeen geldende Woord van God nie, maar die oomblik wanneer dit momenteel inslag in jou vind, word dit vir jou die Woord van God (môre mag dieselfde teks jou nie aanspreek nie – en dan is dit nie meer die Woord van God nie). Die Nuwe Deformasie sê die Bybel is nie God se Woord nie, maar mensewoorde *oor* God. Dit is dus nie Hy wat Self spreek nie, maar die Bybel is slegs mense se opinies van wat God sou gesê het indien Hy met die mens sou praat (wat Hy nie gedoen het nie).

As in kommentare gesê word dat Paulus en Petrus se standpunte oor byvoorbeeld goeie werke verskil, óf geregtigheid sogenaamd anders deur Johannes geïnterpreteer word as deur Paulus, óf dat Paulus se teologie geleidelik ontwikkel het, dan weet ons dat die kommentator 'n bedenklieke eksegeet is. Want onthou, dit is nie bloot Paulus of Markus of Lukas se standpunte nie, dit is nie bloot hoe hulle die Here Jesus beleef het nie, dit is God se Woord. Dit wat hulle geskryf het, is nie maar hulle interpretasies van wat gebeur het of van wat Christus gesê het nie, wat hulle geskryf het, is deur God ingegee en daarom God se Woord.

Nog 'n wyse waarop die gesag van die Skrif aangetas word, is om die inhoud te verlaag tot blote stories en verhale. Onthou, die Bybel is geskiedenis – God se geskiedenis met die mens. Vir die Nuwe Deformasie is die Bybel nie Woord van God nie, maar bruikbare verhale en stories oor hoe die mense God beleef het. Juis daarom word die volgende byvoorbeeld oor die satan gesê: Die slang is nie die Satan nie. Latere vertellings en dogmatiese leerstellings het hom met die Satan gelyk gestel. Maar volgens hierdie verhaal (Gen. 3) is hy dit nie. Die slang is ook 'n verhaalkarakter en soos ander dierekarakters (Lion King) kan hy praat. Skrikwekkend nê! (Invoeging tussen hakkies – WvS) Die vraag is net: Wat dan van tekste soos Openb. 12:9 en 20:2 wat sê die slang is die vergestaltung van die duiwel?

Die Etiese lewe

Wanneer die Skrifgesag aangeval word, hou dit 'n besliste bedreiging in vir die etiese. Hierbo is kortliks verwys watter effek die ontkenning van God op die etiese het. Dieselfde gebeur wanneer die gesag van die Skrif bevraagteken word. In hierdie saak vertoon die Nuwe Deformasie sterk ooreenkoms met die Post-modernisme waar feitlik alles aanvaarbaar en reg is aangesien daar geen absolute waarheid is nie.

Die vraag in die etiese is nie meer: wat sê die Bybel nie, maar wat werk, waarvan hou ék, wat is vir my lekker en aanvaarbaar. Die maatstaf vir alle etiese gedrag in die samelewing word dus die mens en die gemeenskap.

Ons as dominees trap maklik in hierdie slagyster. Ter wille van vrede en harmonie in die gemeente is ons nie bereid om suiwer sê: Só sê die Here, nie. Ons is bereid om ons oë toe te hou en lidmate se sonde deur die vingers te sien, want ons sal so uit pas wees as ons mense aanspreek

oor sondes wat almal in elke geval doen. Ons dink dat omdat ander kerke en ander dominees soortgelyke sake nie aanspreek nie en verdra, dit vir die Here ook aanvaarbaar is.

Etiese sake handel altyd oor die *eer van God* en die *gesag van die Skrif*. As hierdie sake nie vir jou belangrik is nie, ontwikkel daar 'n reuse hoop grys areas in die etiese lewe. Areas waar jy nie bereid is om standpunt in te neem nie. OF anders gestel, as die vraagstelling verkeerd is, kan die antwoord nooit reg wees nie. As God se eer nie jou fokus is nie, sal jy lidmate nooit na 'n Christusvervulde lewe kan lei nie.

Skrifverklaring

Die wyse waarop daar deur die Nuwe Deformasie met die Woord van God omgegaan word, word verder duidelik uit die wyse waarop die Skrif verklaar word. Die *openbaringshistoriese* eksegeese, soos ons as Gereformeerdes dit doen, het plek gemaak vir die *sosio-historiese* eksegeese. Dit gaan dus nie meer oor dit wat God aan ons in sy Woord aangaande Homself openbaar nie - die Bybel is nie sy Woord nie - maar dit wat die teks vir die eerste hoorders beteken het. Van Godsopenbaring is daar nie sprake nie en daarom moet die eksegeet nie probeer om God se woorde te hoor nie, maar hy moet probeer verstaan hoe die eerste hoorders die woorde verstaan en gehoor het. Slegs as dit verstaan word, kan die bedoeling van die teks verstaan word. Daarom word daar byvoorbeeld gesê dat eksegeese probeer vertolk hoe Jesus van Nasaret se tydgenote sy boodskappe sou verstaan óf ons moet met eerste-eeuse ore luister wat die Bybel sê.

Ek hoop u verstaan. Ons stem wel daarmee saam dat die Bybel *teen die agtergrond* van die sosio/kultureel-historiese verklaar word, maar die Skrif mag nooit *vanuit* die kultuur-historiese agtergrond verklaar word nie. Die oomblik wanneer vanuit die kultuur-historiese verklaar word, gebeur die volgende:

In Mt. 5:39-41 sê die Here Jesus:

:39 as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe.

:40 En hy wat met jou na die gereg wil gaan en jou onderkleed wil neem, laat hom ook die bokleed kry.

:41 En elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam.

Sosio-histories gesien word daar gesê dat iemand jou met die agterkant van sy hand sou slaan as hy jou op die regterwang slaan, wat beteken dat hy jou beledig en as ondergeskik behandel. Deur jou linkervang te draai, *verneder* jy hom nou, want om iemand met die oorkant van die hand te klap beteken dat jy hom as gelyke eerbiedig.

Om iemand se onderkleed in 'n regsak te neem was deur die wet veroorloof, maar dit word sosio-histories verklaar dat jy hom *verneder* deur sommer jou bokleed ook te gee.

'n Romeinse soldaat kon jou verplig om sy wapenrusting een myl ver te dra, niks meer nie. Teen die sosio-historiese agtergrond kan jy iemand dus in die *moelikheid* laat beland by die owerheid en kan hy dalk *geskors* word.

Uit vers 38 is dit duidelik dat dit nie die doel van die Here Jesus is om ons te leer om so op te tree dat ander in die skande kom of in die moeilikheid beland nie. Sy fokus is teen die praktyk van die mense van sy tyd dat hulle altyd hulle reg wil laat geld en nie bereid is om onreg te ly nie. Juis daarom kom Hy met die hoë eis van naasteliefde.

Die sosio-historiese Skrifverklaring lei ook noodwendig tot die miskenning van Christus in die OT. Bogenoemde argument word byvoorbeeld aangevoer waarom die dele in die OT wat na Christus verwys nie met 'n hoofletter geskryf moet word nie, *want die eerste hoorders het dit nie so verstaan nie* – ongeag of Christus in die NT byvoorbeeld sê dat die Heilige Gees Dawid geïnspireer het om dit presies só op te teken; OF dat Christus sê *Vandag is hierdie woorde ... vervul* en daarmee stel dat die Ou-Testamentiese profesie op Hom geslaan het.

Eredienste

As God en sy Woord aangepas moet word by die moderne wêreld waarin ons woon, is dit ook nie snaaks dat die Nuwe Deformasie die erediens aanpas nie. Die fokus is nie meer uitsluitlik op God en sy Woord en sy eer nie, maar op die mens en sy behoeftes. Die verheerliking van God staan nie sentraal in die erediens nie, maar die totale fokus het verskuif na die mens.

Sodra die mens die fokus word, word die erediens mensgerig – 'n vertoning, 'n vermaaklikheidsgeleentheid vol van grappe en stories. Want die eredienste moet lekker en interessant gemaak word om aan te pas by die verbruikerskultuur van die nuwe geslag lidmate.

Kenmerkend aan hierdie beweging is dat verhale en stories gebruik word om die Bybelse boodskap oor te dra. Eintlik word die Bybelse boodskap afhanklik gemaak van die storie wat vertel word. Die storie moet aangryp en die eintlike boodskap verwoord, want die Woord van God het sy trefkrag verloor. Eintlik word die storie die draagbaar waarmee God se boodskap in die harte van die mense ingedra word. Sien u die onhoudbare hierin? Sonder die stories en die vermaaklikheid is die erediens leeg en bied dit niks vir die dorstige siel van die toeskouer nie.

'n Ander saak wat ook hier ter sprake kom, is die sogenaamde kinderkerk. Hier word die kinders uit die erediens verwyder sodat iemand anders (nie die leraar nie) vir hulle kan “kerk” hou. Dit is 'n praktyk wat duidelik die Verbondsgedagte uit die oog verloor het omdat die vraagstelling in die begin verkeerd was. Daar is nie gevra wat die Woord oor die saak leer nie, maar wat gaan werk.

Evolusie

Omdat die Bybel volgens die Nuwe Deformasie nie Woord van God is nie, maar mensewoorde oor God, daarom het die Bybel volgens hulle ook niks te sê oor die wetenskap nie. Die wetenskap is bewese feite en die Bybel mag nie gebruik word om te probeer wetenskaplik wees of om kritiek op die wetenskap uit te spreek nie. Ons kan daarom verstaan waarom dit vir die mense van die Nuwe Deformasie baie maklik is om te glo dat die aarde miljoene jare oud is, want die Bybel se weergawe van die skepping is, soos al die wondertekens van die Here Jesus, slegs gemeenteteologie.

Omdat God nie God is nie en die Bybel nie sy Woord nie, is dit ook nie vreemd om te hoor dat ook die geloof van die mens evolusie ondergaan het nie. Soos wat die mens deur evolusie ontwikkel het, net so het die intellek en die gees van die mens ontwikkel en was daar 'n evolusionêre ontwikkeling in sy geloof. Wanneer die eerste mense gelowige wesens geword het, is steeds 'n onbeantwoorde vraag, sê hulle. Deur na die sjimpansees te kyk sê hulle dat dit duidelik is dat die geloof van die mens geëvolueer het tot wat dit vandag is. Hoor net hier: *Die blote feit dat primate na mekaar uitreik en liefde, omgee en versorging met mekaar deel, is 'n verdere bewys dat dieselfde goddelike energie wat in my en jou is, ook in hulle teenwoordig is.*

Hierteenoor stel die Skrif tog duidelik dat God die mens as 'n intellektuele en gelowige wese geskape het. Na sy beeld het Hy hulle gemaak om van die eerste oomblik af in 'n persoonlike, gelowige verhouding met Hom te staan.

Erfsonde

Die leer oor die erfsonde en die leer van die dood as ewige straf op sonde is uitgediende leerstukke wat in 'n argief hoort. Augustinus se kennis van Hebreeus was gering en hy het op grond van die Griekse en Latynse vertalings hierdie rare leerstelling geformuleer. Sy siening berus nie op goeie eksegetiese nie, maar op filosofiese aannames wat ons nie meer kan onderskryf nie. Evolusionêre biologie en die studie van menslike gene maak dit ook vir ons onmoontlik om aan hierdie leerstelling te bly vasklou.

Vanuit hierdie standpunte is dit duidelik hoe die Nuwe Deformasie die wetenskap bo die Skrif stel.

Fundamentaliste

Die maklikste wyse om al hierdie besware teen hulle te absorbeer, is om almal wat van hulle verskil te etiketteer en die skeldnaam *fundamentalis* te gee. Net soos almal wat lief is vir hulle eie volk rassiste genoem word, so word ons wat lief is vir die Here en sy Woord en dit ononderhandelbaar glo, fundamentaliste of outyds of verkramp genoem.

As jy dus enigins aan die gesag van die Skrif wil vashou en die Here as die enigste God wil bely, moet jy bereid wees om die skeldnaam *Fundamentalis* te verdra. Genadiglik kan jy berus in die wete dat jy nie 'n fundamentalis is nie, maar dat jy fundamenteel in jou denke bly, dit wil sê dat jy die Bybel as die ware en onfeilbare Woord van God bly handhaaf.